

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA /ES
(NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA)

SAAK NO: 25434/2005

DATUM: 24/11/2009

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE	
(1) RAPPORTEERBAAR: NEE .	
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: NEE .	
(3) HERSIEN. ✓	
28/11/2009 DATUM	<i>W. J. van der Merwe</i> HANDTEKENING

IN DIE SAAK TUSSEN

CATHARINA JOHANNA VAN DER WESTHUIZEN

EISERES

EN

DIE PADONGELUKKEFONDS

VERWEERDER

UITSPRAAK

VAN DER MERWE, R

Op 31 Julie 2002 en te Klerksdorp is die eiseres beseer in 'n motorbotsing. As gevolg van die skade wat sy gely het, het sy dagvaarding teen die verweerder uitgereik vir die verhaal van sodanige skadevergoeding.

Die verweerder het op 'n stadium aan my onbekend toegegee dat die versekerde bestuurder 75% nalatig was met betrekking tot die veroorsaking van die botsing.

Die aangeleentheid op verhoor voor my was met die oog op die bepaling van die *quantum* van die eiseres se vordering.

By die aanvang van die verhoor was namens die eiseres aansoek gedoen in terme van die bepaling van reël 38(2) van die Eenvormige Hofreëls dat 'n beëdigde verklaring van me C J Pretorius ontvang moes word ter bevestiging van finansiële state wat sy vir die eiseres opgestel het ten einde die eiseres se verlies aan inkomste te bewys. Die grondslag van die versoek was dat me Pretorius terminaal siek is met kanker, nie in staat is om nou die hofverrigtinge by te woon nie en in die toekoms ook nie in staat sal wees om enige hofverrigtinge by te woon nie.

Namens die verweerder is beswaar gemaak teen die aanvaarding van die beëdigde verklaring. Die basis van hierdie beswaar was dat me Pretorius die finansiële state soos volg gekwalifiseer het:

"The above balance sheet and attached accounts were prepared from the rough cash book of the business and from information supplied. I have not verified the assets and liabilities, nor vouched the transactions, nor carried out an audit of the accounts."

Daar is aangevoer dat dit nodig sal wees om me Pretorius te kruisverhoor oor die inhoud van die finansiële verslae.

Tydens debat tussen myself en die verweerder se advokaat het die advokaat aangedui dat hy besef dat me Pretorius nie as deskundige sou getuig nie terwyl hy vroeër anders gedink het. Hy het gevra vir 'n verdaging om die aangeleentheid met sy opdraggewende prokureur te bespreek.

Die verdaging het vrugte afgewerp en wel op die volgende basis:

1. verweerder het aanvaar dat dit aanspreeklik is vir gelede mediese- en hospitaal uitgawes in die bedrag van R36 974,47;
2. verweerder sal 'n onderneming beperk tot 75% in terme van artikel 17(4)(a) van Wet 56 van 1996 aan die eiseres verskaf;
3. verweerder is aanspreeklik om algemene skadevergoeding ten bedrae van R150 000,00 aan die eiseres te betaal;
4. die inhoud van die verslae van dr B Bailie (ortopediese chirurg) en Salomien Pretorius (arbeidsterapeut) word erken.

Die enigste geskil wat gevolglik tussen die partye oorgebly het was haar beweerde gelede en toekomstige verlies aan verdienste. Dit is buite geskil geplaas dat indien die eiseres wel 'n inkomste voor die botsing verdien het, sy sedert 1 Maart 2004 nie verder in staat was om 'n inkomste te verdien nie.

Die eiseres het self getuig. Sy sê dat haar man oortollig verklaar is by die plek waar hy gewerk het. Met die fondse wat hy toe bekom het, het hulle die besigheid Pienaarsdorp Kafee en Algemene Handelaar aangekoop en besigheid begin doen vanaf

Februarie 1994. Die eiseres het self 13 uur per dag, sewe dae per week, in die besigheid gewerk. Sy het self die besigheid se boekhoustelsel hanteer. Elke dag se omset het sy in 'n kasboek opgeskryf en opgetel. Uitgawes wat betaal is, is ook bymekaar getel en die "strokies" daarvoor is gehou. Aan die einde van die maand is al hierdie inligting aan die boekhouer, me Pretorius, gegee. Die boekhouer het dan maandeliks alle belasting aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens betaal. Intussen het die eiseres dieselfde prosedure vir die volgende maand gevolg en aan die einde van daardie maand weer alle dokumentasie en inligting aan me Pretorius gegee. Die eiseres het dan die kasboek van me Pretorius ontvang. Op die wyse was twee kasboeke in gebruik en kon die eiseres daaglik haar inskrywings voltooi. Soms as die eiseres nie self die inskrywings kon doen nie, het haar eggenoot dit gedoen. Jaarliks is finansiële state vanaf me Pretorius ontvang. Die eiseres was tevrede dat die finansiële state korrek opgestel was.

Die eiseres sê dat die besigheid verwaarloos was toe hulle dit aangekoop het. Dit is egter goed opgebou tot 'n suksesvolle besigheid wat, volgens haar, in die tydperk van twaalf maande voor Julie 2002, 'n persoonlike inkomste aan haar van R10 000,00 tot R13 000,00 per maand voorsien het. Die eiseres en haar man, met wie sy binne gemeenskap van goed getroud is, het in gelyke dele gedeel in die opbrengs van die besigheid. Hy het dus ook tussen R10 000,00 en R13 000,00 per maand as sy persoonlike inkomste ontvang.

Die eiseres getuig dat aangesien aankope feitlik op 'n daaglikse basis kontant voor betaal moes word, kontant in die besigheid gehou was om te kan betaal. Alle kontant is

dus nie gebank nie maar aantekening van gehou. Die besigheid het wel 'n bankrekening gehad. Dit was die bankrekening van haar eggenoot wat hy voor Februarie 1994 gehad het en waarvan slegs die naam verander is. Die eiseres het nie 'n persoonlike bankrekening gehad nie.

Die eiseres sê dat voor die botsing, en ten spyte van gesondheidsprobleme wat sy gehad het en waarna ek binnekort sal verwys, kon sy die ure in die besigheid werk soos reeds gemeld. Sy het toesig gehou oor werkers, help kos maak en dan verkope hanteer. Volgens haar sou sy met die werk kon voortgaan tot ouderdom 68 aangesien haar eggenoot waarskynlik sou werk tot ouderdom 70 en sy saam met hom sou wou aftree.

Die eiseres het gedurende 2000 'n heupvervanging gehad. Sy sê dat sy selfs met krukke haar werk kon doen en nadat sy van die operasie herstel het kon sy werk soos tevore. Sy het 'n prosedure aan haar knie gehad wat haar geensins in haar werk geaffekteer het nie. Sy gebruik medikasie vir haar hart. Dit het haar nie gehinder in haar werk nie. Die eiseres is oortuig dat as dit nie vir die beserings was wat sy in die botsing opgedoen het nie, niks haar sou verhinder het om tot ouderdom 68 te bly werk nie.

Tydens kruisverhoor is aan die eiseres gestel dat daar nie stawende getuienis is dat sy wel gewerk het nie. Dit word dus ontken dat die eiseres gewerk het. Daar is ook aan die eiseres gestel dat die bankrekening waarin inkomste uit die besigheid gedeponeer is sou kon aandui dat daar wel 'n besigheid was wat bedryf is. Bron dokumente wat gebruik is vir die opstel van die state deur me Pretorius sou dan volgens die verweerder

kon aandui dat 'n besigheid wel bedryf is. Dieselfde sou gedoen kon word deur die voorlegging van inkomstebelasting-aanslae of dokumente.

Die eiseres het verduidelik dat nadat me Pretorius die finansiële state opgestel het die bron dokumente aan haar teruggegee is. Dit sluit ook dokumente met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Inkomstediens in. Nadat die eiseres nie meer haar werk kon doen nie is die besigheid verkoop en die bankrekening gesluit. Sy en haar eggenoot moes ook verhuis na 'n klein plekkie. Sy het nie plek gehad om al die dokumente te stoor nie. Op advies van me Pretorius is die dokumente vernietig omdat dit nie meer vir belastingdoeleindes benodig was nie. Die eiseres en haar eggenoot kry elkeen 'n staatspensioen en dit word getrek met 'n kaart stelsel. Ook was die eiseres van mening dat die state van me Pretorius wat nou in die verhoor nie gebruik kon word nie weens die feit dat me Pretorius nie in die ope hof kon kom getuig nie, voldoende inligting bevat het oor die inkomste van die besigheid.

Dit is die eiseres se saak dat daar nie dokumente bestaan wat haar saak verder kan verstewig nie. Dit is ook betoog dat die finansiële state 'n geruime tyd reeds in besit van die verweerder is en dat eers kort voor die verhoor die verweerder aangedui het dat verdere dokumente benodig word.

Die eiseres was al getuie in die saak. Die verweerder het geen getuie geroep nie.

Die eiseres het 'n besonder goeie indruk as getuie gemaak. Sy is duidelik 'n goeie en geloofwaardige getuie wat nie, selfs vir haar eie voordeel, 'n leuen sal vertel nie.

Behalwe om twyfel te probeer werp op die eiseres se getuienis is geen direkte stellings aan die eiseres gemaak dat sy nie die inkomste verdien het wat sy sê of is aan haar gestel dat sy leuens vertel nie.

Toe aan die eiseres gestel is dat in die verslag van die nywerheids-sielkundige gesê word dat haar inkomste voor die botsing tussen R15 000,00 en R21 000,00 per maand was het sy gesê dat die besigheid met tye baie goed gedoen het. Haar berekening van R10 000,00 tot R13 000,00 per maand is 'n gemiddelde maandelikse inkomste wat sy gekry het. Die verslag van die nywerheids-sielkundige is nie voor my geplaas by wyse van getuienis of erkenning nie.


Ek is tevrede dat die eiseres wel gewerk het. Ek is van mening dat sy waarskynlik sou bly werk het tot ouderdom 65. Op die getuienis is ek tevrede dat die eiseres 'n bedrag van R11 500,00 per maand gemiddeld verdien het. 'n Aktuariële berekening sal van die eiseres se verlies aan verdienste (reeds gelede en toekomstig) gemaak moet word op die syfers hierbo gemeld. Die eiseres sou vir doeleindes van daardie berekening vanaf 1 Maart 2004 geen inkomste meer kon verdien nie. Die partye is *ad idem* dat 'n 10% gebeurlikheidsfaktor op verlies aan verdienste in die verlede toegepas moet word. Op toekomstige verlies aan verdienste is namens die eiseres gesê dat 'n 20% gebeurlikheidsfaktor toegepas moet word. Namens die verweerder is gesê dat dit 15%

moes wees, wat uit die aard van die saak vir die eiseres aanvaarbaar sou wees. Ek is van oordeel dat op die feite voor my 'n 20% gebeurlikheidsfaktor op toekomstige verlies aan verdienste meer korrek sou wees.

In die lig van die ooreenkoms tussen die partye soos hierbo uiteengesit en die bevindinge waartoe ek gekom het word die volgende bevel gemaak:

1. Die verweerder word gelas om –
 - 1.1 die bedrag van R36 974,47 aan die eiseres te betaal ten opsigte van mediese- en hospitaal koste reeds aangegaan;
 - 1.2 die verweerder word gelas om 'n onderneming in terme van artikel 17(4)(a) van Wet 56 van 1996, beperk tot 75%, aan die eiseres te verskaf;
 - 1.3 die verweerder word gelas om 'n bedrag van R150 000,00 as algemene skadevergoeding aan die eiseres te betaal;
 - 1.4 die verweerder word gelas om die koste van die aksie te betaal.
2. Die partye word gelas om 'n konsep bevel aan my voor te lê waarin die aktuariële berekening van die eiseres se verlies aan verdienste in die verlede en in die toekoms uiteengesit word en wat bereken is met die volgende feite as basis:
 - 2.1 'n inkomste van R11 500,00 per maand;
 - 2.2 'n totale verlies aan inkomste vanaf 1 Maart 2004 bereken tot die ouderdom van 65 jaar met 'n geboortedatum van 28 Mei 1945;

- 2.3 'n gebeurlikheidsfaktor van 10% ten opsigte van reeds geledede verlies aan inkomste;
- 2.4 'n gebeurlikheidsfaktor van 20% ten opsigte van toekomstige verlies aan inkomste.


W.J. VAN DER MERWE

REGTER VAN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF

25434-2005

DATUM AANGEHOOR:
VIR DIE EISERES:
IN OPDRAG VAN:
VIR DIE VERWEERDER:
IN OPDRAG VAN: